

Geregistreeerde naam:  
Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk

Registrasiensnommer: 2006/021434/06  
Geregistreeerde adres:  
Heerengracht 40, Kaapstad, 8001  
Tel: 021 4062121  
Posadres: Posbus 2271, Kaapstad, 8001



Registered name:  
Welkom Yizani Investments (RF) Limited

Registration number: 2006/021434/06  
Registered address:  
40 Heerengracht, Cape Town, 8001  
Tel: 021 4062121  
Postal address: PO Box 2271, Cape Town, 8001

---

## ANNOUNCEMENT

The Welkom Yizani Investments (RF) Limited board (**Board**) has approved the appointments of Ashoek Hoosain Adhikari, Kgomotso Ditsebe Moroka and Mooketsi Pop Motsisi as independent, non-executive directors of the company with effect from 2 November 2020.

**Ashoek Hoosain Adhikari** (57) is an associate with Baird's CMC, an international consultancy group. Prior to that, he was the General Counsel responsible for legal and regulatory services and corporate affairs at Media24 Proprietary Limited (**Media24**), a subsidiary of Naspers Limited. He is an attorney by profession. After practising law for 10 years in his own law firm, Ashoek moved into the public sector, where he held various senior positions in the Provincial Administration of the Western Cape, including as the Head of Office in the portfolios of environmental and cultural affairs, social services and poverty alleviation, housing and local government. Before moving to Media24 he was the Chief Operating Officer in the Office of the Premier. Ashoek remains active in the governance of the attorney's profession and served as a councillor of the Cape Law Society from 1998 and as vice-president of the Society from 2001 to 2005, during which time he chaired the Law Society of South Africa's transformation committee and served on the Minister of Justice's steering committee to draft the transformation charter for the legal profession. He is currently the chairperson of the Audit and Compliance Committee of the Legal Practitioners Fidelity Fund. He also chairs the board of the Western Cape Economic Development Partnership, is deputy chair of the Isandla Institute and serves on the board of Accelerate Cape Town.

**Adv Kgomotso Ditsebe Moroka** (66) is a senior counsel of the High Court of South Africa, and a trustee of the Nelson Mandela Children's Fund and Hospital and the Apartheid Museum. She is the founder of New Seasons Investments Holdings, serves as chair of the board of directors of Royal Bafokeng Platinum Limited and holds non-executive directorships at Standard Bank Group Limited, MultiChoice Group Limited and Netcare Limited. Kgomotso served as the chair of M-Net's Phuthuma Futhi Trust. She holds a Baccalaureus Procuracionis (South Africa) from the University of the North and an LLB from the University of the Witwatersrand.

**Mooketsi Pop Motsisi (60)** holds an MBA from Durham University, England. From 2002 to 2014, Mooketsi served as a partner at KPMG, primarily in the Corporate Finance Business Unit. Mooketsi is an independent businessman and is a member of the Directorate of Market Abuse which is a committee of the Financial Sector Conduct Authority (FSCA).

The board wishes them well in their new roles.

3 NOVEMBER 2020

.....

### **AANKONDIGING**

Die Welkom Yizani Investments (RF) Beperk direksie (**Direksie**) het die aanstellings van Ashoek Hoosain Adhikari, Kgomotso Ditsebe Moroka en Mooketsi Pop Motsisi as onafhanklike nie-uitvoerende direkteure van die maatskappy met ingang van 2 November 2020 goedgekeur.

**Ashoek Hoosain Adhikari (57)** is 'n medewerker van Baird's CMC, 'n internasionale konsultasiegroep. Voor dit was hy die Algemene Raadgewer verantwoordelik vir regs- en regulatoriese dienste en korporatiewe sake by Media24 Eiendoms Beperk (**Media24**), 'n filiaal van Naspers. Hy is 'n prokureur van beroep. Nadat hy 10 jaar lank die reg in sy eie praktyk beoefen het, is Ashoek na die openbare sektor waar hy verskeie senior poste in die Provinsiale Administrasie van die Wes-Kaap bekleed het, onder andere as hoof in die kantoor van die portefeuljes van omgewings- en kultuursake, maatskaplike dienste en armoedeverligting, behuising en plaaslike regering. Voordat hy by Media24 aangesluit het, was hy die Hoofbedryfsbeampte in die Kantoor van die Premier. Ashoek bly steeds aktief in die bestuur van die prokureursprofessie en dien vanaf 1998 as raadslid van die Kaapse Prokureursorde, en as visepresident van 2001 tot 2005 waartydens hy voorsitter van die Transformasiekomitee van die Prokureursorde van Suid-Afrika was en gedien het op die bestuurskomitee van die Minister van Justisie wat die transformasiehandves vir die regsberoep opgestel het. Hy is tans die voorsitter van die oudit- en nakomingskomitee van die Regspraktisyns Getrouheidsfonds. Hy is ook voorsitter van die raad van die Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap, is ondervoorsitter van die Isandla-instituut en dien op die raad van Accelerate Cape Town.

**Advokaat Kgomotso Ditsebe Moroka (66)** is 'n senior advokaat van die hooggeregshof van Suid-Afrika, en 'n kurator van die Nelson Mandela-kinderfonds en -hospitaal en die Apartheidsmuseum. Sy

is die stigter van New Seasons Investments Holdings, dien as voorsitter van die raad van direkteure van Royal Bafokeng Platinum Beperk en beklee nie-uitvoerende direkteurskappe by Standard Bank Group Limited, MultiChoice Group Limited en Netcare Limited. Kgomotso was die voorsitter van M-Net se Phuthuma Futhi Trust. Sy het 'n Baccalaureus Procurationis-graad (Suid-Afrika) van die Universiteit van die Noorde en 'n LLB-graad van die Universiteit van die Witwatersrand.

**Mooketsi Pop Motsisi** (60) het 'n MBA-graad van Durham University, Engeland. Van 2002 tot 2014 was Motsisi 'n vennoot by KPMG, hoofsaaklik in die korporatiewe finansiële besigheidseenheid. Motsisi is 'n onafhanklike sakeman en is 'n lid van die Direktoraat vir Markmisbruik, 'n komitee van die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor (FSCA).

Die direksie wens hulle sterkte toe met hul nuwe rolle.

3 NOVEMBER 2020